**PASIËNTINLIGTINGSTUK**

**SKEDULERINGSTATUS: S4**

**CIFRAN 250 Tablets**

**CIFRAN 500 Tablets**

**Suikervry**

**Lees hierdie hele inligtingstuk noukeurig deur voordat jy begin om CIFRAN te neem**

- Hou hierdie inligtingstuk. Dit mag vir jou nodig wees om dit weer te lees.
- Vra asseblief jou dokter, apteker, verpleegkundige of ander gesondheidsorgvoorsiener as jy verdere vrae het.
- **CIFRAN** is vir jou persoonlik voorgeskryf en jy moenie jou medisyne met enige ander persoon deel nie. Dit kan skadelik vir hulle wees, selfs as hulle simptome dieselfde as joune is.

**Wat is in hierdie inligtingstuk**

1. Wat **CIFRAN** is en waarvoor dit gebruik word
2. Wat jy moet weet voordat jy **CIFRAN** neem
3. Hoe om **CIFRAN** te neem
4. Moontlike newe-effekte
5. Hoe om **CIFRAN** te bewaar
6. Inhoud van die verpakking en ander inligting

**1. Wat CIFRAN is en waarvoor die gebruik word**

**CIFRAN** word gebruik by volwassenes om ernstige en/of gekompliseerde bakteriële infeksie van die longe, blaas, ingewande (diarree), been of vel en sagte weefsel te behandel waar ander

antimikrobiese middels, wat vir soortgelyke infeksie gebruik word, nie beskou word as ‘n toepaslike behandelingsopsie nie, misluk het, nie gebruik kan word nie of nie verdra kan word nie. Dit word ook gebruik om te voorkom dat jy ‘n infeksie opdoen wat deur die bakterie *Neisseria meningitides* veroorsaak word.

**2. Wat jy moet weet voordat jy CIFRAN neem**

**Moenie CIFRAN neem nie**

- As jy allergies (hipersensitief) is vir siprofloksasien of ander antibiotika van dieselfde soort (bekend as kinolone), of enige van die ander bestanddele in hierdie tablette (gelys in afdeling 6).
- As jy voorheen newe-effekte ervaar het met die gebruik van kinoloon/fluorokinoloon-antibiotika verwant aan jou gewrigte, spiere, ligamente, senuwees, sentrale senuweestelsel (brein), epilepsie of geestesgesondheid (psigiatriese versteuring).
- As jy gebore is, of enige toestand het, met abnormale hartritme, of dit verwant is aan QT-verlenging of nie (waargeneem op ‘n EKG, ‘n elektriese verslag van die hart).
- As jy ander medisyne gebruik waar die gevolg ‘n abnormale hartritme en/of ritme opsporing (EKG) is, byvoorbeeld (verlenging van die “QT-tyd”).
- As jy ‘n vergroting of “uitstulping” van ‘n groot bloedvat (aortiese aneurisme) of ‘n voorafgaande episode van aorta-disseksie (‘n skeur in die wand van die aorta) of ‘n familiegeskiedenis van aorta-aneurisme/disseksie of ander risikofaktore of bestaande voorbestemde toestande het.
- As jy myasthenia gravis het (abnormale spiermoegheid wat tot swakheid lei en, in ernstige gevalle, verlamming).
- As jy bevestigde mitraalklep en/of aorta-klep (albei name van kleppe in jou hart) terugstroming het tensy geen veiliger alternatiewe antibiotikum beskikbaar is nie, misluk het of nie goed verdra word nie.
- As jy op behandeling is vir hoë bloeddruk met medisyne wat AOE-remmers/angiotensien-reseptorblokkeerders genoem word. Vra jou dokter as jy nie seker is nie.

- As jy tisanidien neem (sien Neem van ander medisyne saam met CIFRAN).
- As jy swanger is, dink dat jy swanger mag wees of beplan om 'n baba te hê of huidig borsvoed.
- **As jy of jou kind jonger as 18 jaar is.**

**Waarskuwings en voorsorgmaatreëls**

Tref spesiale voorsorg met **CIFRAN**:

- Ernstige ongewenste velreaksies, insluitend toksiese epidermale nekrolise (TEN), Stevens Johnson se sindroom (SJS) en geneesmiddelreaksie met eosinofilie en sistemiese simptome (DRESS), wat lewensbedreigend of dodelik kan wees, is aangemeld met **CIFRAN** (sien Moontlike newe-effekte). As tekens en simptome aanduidend is dat hierdie reaksies voorkom, wat veluitslag, gejeuk, afskilfering, korsvorming, ernstige blase en bloeding in the lippe, oë, mond, neus en geslagsdele insluit, moet **CIFRAN** onmiddellik gestaak word, en jy moet jou dokter kontak.

  As jy 'n ernstige reaksie soos SJS, TEN of DRESS ontwikkel met die gebruik van **CIFRAN,** moet behandeling met **CIFRAN** nie op enige stadium hervat word nie.
- Ernstige, skielike allergiese reaksie kan voorkom (selfs na die eerste dosis) met die volgende simptome: benoudheid in die bors, duiselig voel, naar voel of floute. Staak die gebruik van **CIFRAN** as dit voorkom en lig jou dokter onmiddellik in.
- **CIFRAN** kan lewerskade veroorsaak. As jy enige simptome soos verlies aan aptyt, geelsug (vergeling van die vel), donker urine, gejeuk of teerheid op die maag opmerk, staak die gebruik van **CIFRAN** en kontak jou dokter onmiddellik.
- Pyn en swelling in die gewrigte en tendinitis kan voorkom, veral as jy bejaard is en ook met kortikosteroïede behandel word. Inflammasie en skeuring van tendons kan binne die eerste 48 uur van behandeling voorkom of vir tot verskeie maande nadat behandeling met **CIFRAN** gestaak is. By die eerste teken van enige pyn of inflammasie, staak die gebruik van **CIFRAN** en laat die pynlike gedeelte rus. Vermy enige onnodige oefening, aangesien dit die risiko van 'n tendonskeur kan verhoog (sien Moenie **CIFRAN** neem nie).

- As jy myasthenia gravis het (‘n soort spierswakheid) (sien Moenie **CIFRAN** neem nie).
- As jy hartprobleme het. Versigtigheid moet toegepas word wanneer jy **CIFRAN** gebruik as jy gebore is met, of ‘n familiegeskiedenis het, van ‘n verlengde QT-interval (waargeneem op ‘n EKG); ‘n soutwanbalans in jou bloed het (veral lae vlakke van kalium of magnesium); ‘n baie stadige hartritme het; ‘n swak hart het (hartversaking); ‘n geskiedenis van ‘n hartaanval het; jy vroulik of bejaard is; of as jy ander medisyne neem wat lei tot abnormale EKG veranderinge (sien Moenie **CIFRAN** neem nie en Neem van ander medisyne met **CIFRAN**).
- As jy tans ander medisyne neem wat jou bloed-kaliumvlakke kan verlaag.
- As jy ‘n familiegeskiedenis het van aorta-aneurisme of aorta-disseksie of ander risikofaktore of bestaande voorbestemde toestande (bv. bindweefselversteurings soos Marfan-sindroom, Vaskulêre Ehlers-Danlos-sindroom, Takayasu-arteritis, reusesel-arteritis, Behcet se siekte, hoë bloeddruk of bekende aterosklerose (sien Moenie **CIFRAN** neem nie).
- As jy ‘n beskadigde mitraal- en\of aortiese hartklep het wat nie behoorlik kan sluit nie (sien Moenie **CIFRAN** neem nie).
- As jy matige tot ernstige belemmering van jou nierfunksie het, of as jy bejaard is en met AOE-remmers/angiotensien-reseptorblokeerders behandel word om jou bloeddruk te beheer, aangesien dit verdere skade aan jou niere kan veroorsaak (sien Moenie **CIFRAN** neem nie). Jou nierfunksie sal nagegaan word vóór en tydens behandeling as jy fluorokinoloon-antibiotika en AOE-remmers/angiotensien-reseptorblokkeerders ontvang om jou bloeddruk te beheer.
- As jy aan toevalle of epilepsie ly of ‘n geskiedenis het van konvulsiewe versteurings (sien Moenie **CIFRAN** neem nie).
- As jy aan neurologiese toestande soos serebrale iskemie of beroerte ly, kan jy newe-effekte ervaar wat geassosieer word met die sentrale senuweestelsel. As dit gebeur, staak die gebruik van **CIFRAN** en kontak onmiddellik jou dokter (sien Moenie **CIFRAN** neem nie).
- Jy kan simptome van neuropatie soos pyn, branderige gevoel, tinteling, doodse gevoel en/of swakheid ervaar. As dit gebeur, staak die gebruik van **CIFRAN** en kontak onmiddellik jou dokter (sien Moenie **CIFRAN** neem nie).

- As jy nierprobleme het of al ooit gehad het, omdat dit nodig mag wees om jou dosis aan te pas.
- Kristalle kan in jou urine gevind word. Jy moet genoeg water drink en oormatige alkaliniteit van die urine moet vermy word.
- As jy diabetes het, aangesien jy 'n verandering in bloedsuikervlakke kan ervaar (lae bloedsuiker / hoë bloedsuiker) as jy diabetes mellitus het en medikasie vir die diabetes neem.
- Hipoglisemie is aangemeld meestal by diabetiese pasiënte, hoofsaaklik by die bejaarde populasie. As dit gebeur, kontak onmiddellik jou dokter.
- As jy of 'n familielid bekend is daarvoor om 'n tekort aan glukose-6-fosfaat-dehidrogenase (G6PD) te hê, aangesien jy die risiko van anemie met **CIFRAN** kan ervaar.
- As jou sig belemmer word of as dit blyk dat jou oë andersins geaffekteer is, raadpleeg onmiddellik 'n oogspesialis.
- As jou vel meer sensitief raak vir sonlig of ultraviolet (UV)-lig. Vermy blootstelling aan sterk sonlig, of kunsmatige UV-lig, soos sonbeddens. As jou vel rooi word, opgeswel is, of blasies het, dit soos sonbrand lyk, skakel jou dokter.
- **CIFRAN** kan inmeng met die interpretasie van diagnostiese kultuur-toetse vir tuberkulose. Lig die dokter of laboratoriumpersoneel in dat jy **CIFRAN** neem as jy 'n bloed- of urinemonster moet voorsien.

As bogenoemde op jou van toepassing is of as jy nie seker is of enige van bogenoemde op jou van toepassing is nie, moet jy dit aan jou dokter meedeel, voordat jy **CIFRAN** neem.

**Ander medisyne en CIFRAN**

Lig jou gesondheidsorgvoorsiener altyd in as jy ander medisyne gebruik. (Dit sluit alle komplementêre of tradisionele medisyne in).

Moenie **CIFRAN** saam met tisanidien (vir spierspasisiteit by veelvuldige sklerose) neem nie, omdat dit newe-effekte soos lae bloeddruk en slaperigheid kan veroorsaak (sien **Moenie CIFRAN neem nie**).

Moenie **CIFRAN** saam met ander medisyne wat jou hartritme kan verander neem nie: medisyne wat aan die groep anti-aritmiese middels (bv. kinidien, prokaïenamied, amiodaroon en sotalol) behoort.

**CIFRAN** moet nie saam met ander medisyne gebruik word wat bekend is vir hierdie effek nie (soos antihistamiene, astemisool en terfenadien, sisapried, eritromisien, pentamidien, fenotiasiene, of trisikliese antidepressante).

Moenie **CIFRAN** neem as jy op behandeling met AOE-remmers/angiotensien-reseptorblokkeerders wat gebruik word om jou bloeddruk te beheer nie, aangesien dit kan lei tot akute nierbeskadiging (sien **Moenie CIFRAN neem nie**). Vra jou dokter as jy nie seker is nie.

Die volgende medisyne is bekend daarvoor om in te meng met **CIFRAN** in jou liggaam. Die gelyktydige neem van **CIFRAN** saam met hierdie medisyne kan die terapeutiese effek van daardie medisyne beïnvloed. Dit kan ook die moontlikheid vir die ervaring van newe-effekte verhoog. Vra jou dokter of apteker vir advies voordat jy enige van die volgende medisyne neem.

**CIFRAN** kan die vlakke van die volgende medisyne in die bloed verhoog:

- teofillien (vir asemhalingsprobleme)
- klosapien (‘n antipsigotiese middel)
- ropinirool (vir Parkinson se siekte)
- agomelatien
- solpidem (vir slapeloosheid)
- xantien-derivate soos pentoksifillien (vir sirkulatoriese versteurings) of kafeïen
- duloksetien (vir depressie, diabetiese senuwee-beskadiging of inkontinensie)
- lidokaïen (vir harttoestande of narkose-gebruik)
- sildenafil (vir erektiele wanfunksie)

Medisyne wat die opname van **CIFRAN** verlaag:

- sukralfaat (gebruik om sooibrand, slegte spysvertering of sere in die maag of ingewande te behandel)
- teensuurmiddels (gebruik om slegte spysvertering te behandel)

- hoogs-gebufferde medisyne soos anti-retrovirale middels (gebruik om MIV te behandel)
- ‘n polimeriese fosfaatverbinder soos sevelamer, lantanumkarbonaat (om die vlakke van fosfate by pasiënte met nierprobleme te verlaag)
- medisyne of dieetaanvullings wat kalsium, magnesium, aluminium of yster bevat.

As hierdie medisyne noodsaaklik is, neem **CIFRAN** ongeveer twee uur vóór of nie minder as vier uur daarná nie.

- NSAIDs (Nie-steroïdale anti-inflammatoriese geneesmiddels)-medisyne vir pynverligting: Die neem van NSAIDs, soos fenbutien, saam met **CIFRAN** kan die moontlikheid van toevalle verhoog.
- Siklosporien (gebruik om psoriase, dermatitis, rumatoïede artritis te behandel en in orgaanoorplanting): Verbygaande verhogings in serumkreatinien-konsentrasies.
- Vitamien-K-antagoniste (bv. warfarien, asenokoumarol, fenprokoumoon of fluindioon) of ander orale anti-koagulante (gebruik om bloed te verdun):

  **CIFRAN** kan die werking van hierdie medisyne versterk.
- Glibenklamied (vir diabetes): **CIFRAN** kan die werking van glibenklamied versterk (wat tot hipoglisemie kan lei).
- Probenesied (vir jig): Gebruik van probenesied en **CIFRAN** verhoog die siprofloksasien-serumkonsentrasies.
- Metoklopramied (vir naarheid en braking): Versnel absorpsie van **CIFRAN**
- Metotreksaat (vir sekere soorte kanker, psoriase, rumatoïede artritis):

  Gelyktydige toediening met metotreksaat kan die konsentrasie van metotreksaat na toksiese vlakke verhoog.
- Fenitoïen (gebruik om epilepsie te behandel): Veranderde (verlaagde of verhoogde) serumvlakke van fenitoïen is waargeneem wat gelei het tot verlies aan toevalbeheer met verlaagde vlakke of oordosering-verwante newe-effekte met verhoogde vlakke.

**CIFRAN saam met voedsel en drinkgoed**

**CIFRAN** moet heel ingesluk word met genoeg vloeistof en kan met of sonder voedsel geneem word.

Moenie enige suiwelprodukte eet of drink (soos melk, jogurt of kaas) of drinkgoed met toegevoegde kalsium wanneer jy die tablette neem nie, aangesien dit die absorpsie van **CIFRAN** kan affekteer en dit dan nie ‘n behoorlike uitwerking het nie.

**Swangerskap en borsvoeding**

**Jy moenie CIFRAN tydens swangerskap neem of wanneer jy jou baba borsvoed nie.**

As jy swanger is of jou baba borsvoed, dink dat jy swanger mag wees of beplan om ‘n baba te hê, raadpleeg asseblief jou dokter, apteker of ander gesondheidsorgverskaffer vir advies voordat jy hierdie medisyne gebruik.

**Bestuur en gebruik van masjinerie**

**CIFRAN** kan veroorsaak dat jy minder waaksaam voel en sommige neurologiese newe-effekte kan voorkom, wat jou vermoë om te bestuur of masjinerie te hanteer kan belemmer, veral as dit saam met alkohol geneem word. Maak daarom seker dat jy weet hoe jy teenoor **CIFRAN** reageer voordat jy ‘n motor bestuur of masjinerie hanteer.

**3. Hoe om CIFRAN te neem**

Moenie medisyne wat vir jou voorgeskryf is met enige ander persoon deel nie.

Neem of gee **CIFRAN** altyd pesies soos wat wat jou dokter of apteker dit voorgeskryf het.

Kontroleer met jou dokter of apteker as jy nie seker is nie.

**CIFRAN** moet heel ingesluk word met genoeg vloeistof en kan met of sonder voedsel geneem word.

Jou dokter sal besluit hoe lank jou behandeling sal duur. Jou dokter sal aan jou presies verduidelik hoeveel **CIFRAN** jy moet neem asook hoe dikwels en vir hoe lank.

Dit sal afhang van die soort en ernstigheid van die infeksie wat jy het.

Die normale behandelingsperiode is 5 tot 10 dae.

Vir ernstige en gekompliseerde infeksies mag verlengde behandeling nodig wees.

Die dosisreeks is 250 – 750 mg twee maal per dag.

Die tablet moet heel ingesluk word met genoeg vloeistof en kan met of sonder etes geneem word.

• *Ernstige en/ of gekompliseerde infeksie van die onderste lugweg:*

750 mg twee maal per dag

• *Ernstige en/ of gekompliseerde infeksie van die urienweg:*

500 mg twee maal per dag

• *Ernstige en/ of gekompliseerde infeksie van die vel en beeninfeksie:*

750 mg twee maal per dag

Vir die voorkoming van indringende infeksie van *Neisseria meningitides,* neem ‘n enkeldosis van 500 mg.

Bejaardes

Bejaarde pasiënte moet die laagste moontlike dosis ontvang, afhangende van die ernstigheid van hul siektetoestand en hoe goed hul niere funksioneer.

Lig jou dokter in as jy aan nierprobleme ly omdat dit nodig mag wees om jou dosis aan te pas.

Probeer om die tablette op dieselfde tyd elke dag te neem.

Dit is die beste om **CIFRAN** ten minste 2 uur vóór of 4 uur ná magnesium/aluminium teensuurmiddels, polimeriese fosfaatverbinders (byvoorbeeld, sevelamer, lantanumkarbonaat), sukralfaat, of ander produkte wat kalsium, yster of sink bevat, te neem.

As jy onder die indruk is dat die effek van **CIFRAN** te sterk of te swak is, moet jy met jou dokter of apteker praat.

**As jy meer CIFRAN tablette geneem het as wat jy behoort te neem**

In die geval van oordosering, raadpleeg jou dokter of apteker. Indien nie een van hulle beskikbaar is nie, kontak die naaste hospitaal of gifbeheersentrum. Neem hierdie inligtingstuk of sommige van die tablette saam met jou sodat jou dokter kan weet wat jy geneem het.

**As jy vergeet het om CIFRAN te neem**

As jy vergeet het om **CIFRAN** op die regte tyd te neem, neem dit so gou as wat jy onthou. As dit egter amper tyd is vir jou volgende dosis, moet jy nie die dosis neem wat jy oorgeslaan het nie en aangaan soos gewoonlik. Moenie 'n dubbele dosis neem om te vergoed vir die individuele dosisse wat jy vergeet het nie. Maak seker dat jy die behandelingskursus voltooi.

**As jy ophou om CIFRAN te neem**

Dit is belangrik om die volle kursus van behandeling te gee of te neem, selfs as jy na 'n paar dae beter begin voel. As jy te gou ophou om **CIFRAN** te neem, kan jou infeksie nog nie heeltemal opgeklaar het nie en die simptome van die infeksie kan terugkeer of erger word. Jy kan ook weerstand teen die antibiotikum opbou.

*Vra jou dokter of apteker as jy enige verdere vrae het oor die gebruik van **CIFRAN**.*

**4. Moontlike newe-effekte**

**CIFRAN** kan newe-effekte hê.

Nie alle newe-effekte wat vir **CIFRAN** aangemeld is, is in hierdie inligtingstuk ingesluit nie. Raadpleeg asseblief jou dokter, apteker of ander professionele gesondheidsorgdeskundige vir advies indien jou algemene gesondheid versleg of as jy enige ongewenste effekte ervaar terwyl jy **CIFRAN** neem.

Indien enige van die volgende gebeur, staak die gebruik van **CIFRAN** en lig jou dokter onmiddellik in of gaan na die noodgevalle afdeling by jou naaste hospitaal:

- Swelling van die gesig, lippe, tong, keel en lugweë (asemhalingsbuise), moeilike asemhaling, blou kleur van die vel, lae bloeddruk, hartversaking en kan lei tot die dood;
- Seldsame veltoestand met ernstige blase en bloeding in die lippe, oë, mond, neus en geslagsdele (Stevens-Johnson se sindroom of toksiese epidermale nekrolise of veelvuldige eriteem of afskilferende dermatitis of geneesmiddelreaksie met uitslag, koors, inflammasie van interne organe, hematologiese abnormaliteite (insluitend verhoogde witbloedselle (eosinofilie) en lewerensieme) en sistemiese siekte (Geneesmiddelreaksie met Eosinofilie en Sistemiese Simptome (DRESS).

Hierdie is almal **baie ernstige** newe-effekte. As jy dit het, kon jy ‘n **ernstige allergiese reaksie** teenoor **CIFRAN** gehad het. Jy mag dringende mediese aandag of hospitalisasie benodig.

**Lig jou dokter onmiddellik in of gaan na die noodgevalle afdeling by jou naaste hospitaal as jy enige van die volgende opmerk:**

- skielike ernstige pyn in jou borskas, abdomen (maag) of rug;
- mitraalklep en/of aorta-klep terugstroming
- inflammasie van die ingewande (kolitis) verbind aan antibiotika-gebruik (kan in uiters seldsame gevalle dodelik wees), perforasie van die ingewande, bloeding van die ingewande;
- lewerversteurings, vergeling van die vel en/of oë, ook geelsug genoem, hepatitis;
- afsterf van lewerselle (lewernekrose), baie selde lei dit tot lewensbedreigende lewerversaking;
- swak nierfunksie, nierversaking, bloed of kristalle in die urine;
- vinnige hartklop (tagikardie);
- spierswakheid, inflammasie van die tendon, skeur van die tendon, pyn, skeur en inflammasie van tendons insluitend die agterkant van die enkel (Achilles), skouer, hand of ander tendongedeeltes
- bloedingsprobleme;

- ‘n spesiale soort verlaagde rooibloedseltelling (hemolitiese anemie simptome is moegheid, hoofpyn, kort van asem wees wanneer oefening gedoen word);
- hoë bloeddruk in die brein wat lei tot belemmerde sig (intrakraniale druk);
- pyn, branderigheid, tinteling, dooie gevoel en/of swakheid van ledemate (perifere neuropatie en polineuropatie);
- bewerigheid, toevalle of dronkheid;
- self-beskadigende gedrag (psigotiese reaksies wat moontlik kan lei tot gedagtes van selfdood, selfdoodpogings of uiteindelik selfdood);
- verhoogde bloedsuiker (hiperglisemie) of verlaagde bloedsuiker (hipoglisemie);
- abnormale vinnige hartritme, lewensbedreigende onreëlmatige hartritme, verandering van die hartritme (bekend as verlengde QT-interval, waargeneem op ‘n EKG, ‘n elektriese aktiwiteit van die hart).

Hierdie is almal ernstige newe-effekte. Jy mag dringende mediese aandag benodig.

**Lig jou dokter in as jy enige van die volgende opmerk:**

*Dikwels:*

- naarheid;
- diarree.

*Minder dikwels:*

- hoofpyn, migraine, duiseligheid, slaapversteurings, of smaakversteurings, slegte smaak, tamheid, swakheid, bewerigheid, senuweeagtigheid, sweet, versteurde koördinasie, onstandvastige stap (stapversteuring), versteuring van die reuksintuig (reukorgaanversteurings);
- verontrusting, angstigheid, vreemde drome, verwarring, disoriëntasie, voel op laagtepunt (depressie), ‘n veranderde en onrealistiese persepsie van jouself (hallusinasies);
- gegons, gesis, gefluit, weerklinking of ander aanhoudende geluid in die ore (tinnitus), verlies aan gehoor, draaiende beweging;

- gesigsprobleme, visuele kleurverdraaiing, oogpyn, vinnige onwillekeurige bewegings van die oë, dubbelvisie;
- braking, abdominale pyn, slegte spysvertering, winderigheid, verminderde aptyt;
- uitslag, rooi, opgehewe veluitslag, gejeuk, of netelroos, droë vel, sweet, blasievormige uitslag, blosing;
- veltoestand gekenmerk deur teer, rooi knoppies op die skene en bene (erythema nodosum);
- gewrigspyn, gewrigswelling, swelling van tendons en sinoviale gewrig
- fungus-superinfeksies, sproei;
- pyne in jou spiere en bene, swakheid, verhoogde spiertonus en krampe, voel nie goed nie, of koors, koue rillings
- klein, stippelbloeding onder die vel (petegie);
- verhoogde reaktiwiteit van die vel teen sonlig (fotosensitiwiteit);
- inflammasie van die wand van die bloedvate (vaskulitis);
- pankreatitis;
- uitsetting van bloedvate (vasodilasie), lae bloeddruk of floute.

*Voorkoms onbekend:*

- voel hoogs opgewonde (manie) of voel uiters optimisties en ooraktief (hipomanie);
- hipersensitiwiteitsreaksie wat bekend staan as Geneesmiddelreaksie met Eosinofilie en Sistemiese Simptome (DRESS)

***Abnormaliteite van Laboratoriumtoetse***

- abnormale lewerfunksie-toetse (verhoging in transaminase, bilirubien, alkaliese bloedfosfatase);
- teenwoordigheid van nierstene, kristalle in die urine;
- verhoogde bloedsuikervlak;
- veranderinge in die bloedseltelling (leukopenie, leukositose, pansitopenie, neutropenie, anemie, eosinofilie, verhoogde of verlaagde aantal plaatjies), abnormale vlakke van ‘n

stollingsfaktor (protrombien), verhoging of verlaging in trombosiete (trombositose of trombositopenie), beenmurgonderdrukking.

As jy enige newe-effekte opmerk wat nie in hierdie inligtingstuk genoem word nie, moet jy jou dokter of apteker daarvan in kennis stel.

**Aanmelding van newe-effekte**

As jy newe-effekte ervaar, moet jy jou dokter of apteker inlig. Jy kan ook newe-effekte by SAHPRA *via* die Med Safety-toepassing (Medsafety X SAHPRA) en eReporting-platform (who-umc.org) aanmeld, wat op SAHPRA se webtuiste beskikbaar is.

Vermoedelike ongunstige reaksies kan ook direk aan die houer van die registrasiesertifikaat aangemeld word *via* epos: pharmacovigilance.africasme@sunpharma.com of tel: +27(0) 12 643 2000.

Deur newe-effekte aan te meld, kan jy help om meer inligting oor die veiligheid van **CIFRAN** te verskaf.

**5. Hoe om CIFRAN te bewaar**

Bewaar alle medisyne buite die bereik van kinders.

Bewaar by of onder 25 °C, beskerm teen vog.

Moenie **CIFRAN** ná die vervaldatum soos op die verpakking aangedui, gebruik nie. Die vervaldatum verwys na die laaste dag van daardie maand.

Bring alle ongebruikte medisyne terug na jou apteker toe.

Moenie van ongebruikte medisyne in dreinering- of rioleringstelsels (bv. toilette) ontslae raak nie.

**6. Inhoud van die verpakking en ander inligting**

**Wat CIFRAN bevat**

**Die aktiewe bestanddeel is siprofloksasien.**

**CIFRAN 250 Tablette:** Elke filmbedekte tablet bevat siprofloksasienhidrochloried gelyk aan 250 mg siprofloksasien.

**CIFRAN 500 Tablette:** Elke filmbedekte tablet bevat siprofloksasienhidrochloried gelyk aan 500 mg siprofloksasien.

Die ander bestanddele in **CIFRAN** is: anhidriese kolloïdale silika, magnesiumstearaat, mieliestysel, mikrokristallyne sellulose, natrium-styselglikolaat, gesuiwerde talk en filmbedekking: wit Opadry.

Suikervry

**Hoe CIFRAN lyk en inhoud van die verpakking**

**CIFRAN 250 tablette**: Wit, ronde, filmbedekte tablette ingepers met `250' op een kant en skoon op die ander kant, met intakte bedekking.

**CIFRAN 500 tablette**: Wit kapsulevormige, filmbedekte tablette ingepers met `500' op een kant en skoon op die ander kant, met intakte bedekking.

Tablette word verpak in ‘n stulpstrook wat bestaan uit PVC wat filmbedek is deur PVdC en ‘n rugkant van aluminiumfoelie. Kartonne bevat elk 10 tablette.

**Houer van die Registrasiesertifikaat**

RANBAXY PHARMACEUTICALS (PTY) LTD

‘n Sun Pharma maatskappy

Lautreweg 14, Stormill Uitbreiding 1

Roodepoort, 1724

Suid-Afrika

**Hierdie inligtingstuk was laas hersien op**

30 July 2024

**Registrasienommers**

CIFRAN 250 TABLETS: 33/20.1.1/0365

CIFRAN 500 TABLETS: 33/20.1.1/0366

| |
|---|
| **Slegs Botswana:** S2<br><br>CIFRAN 250 Tablets: Reg. nr: BOT 0400701<br><br>CIFRAN 500 Tablets: Reg. nr: BOT 0400702 |
| **Slegs Namibië:** NS2<br><br>CIFRAN 250 Tablets: 04/20.1.1/0602<br><br>CIFRAN 500 Tablets: 04/20.1.1/0603 |